BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**Datum:** ____________________

## Briewe vir die Kerk – DIE GEMEENTE VAN FILADELFIA

**Openbaring 3:7-13**

7Skrywe aan die leraar van die gemeente in Filadelfia:
So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid
het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie,
en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie: 8Ek weet alles
wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en
niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag
het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie
verloën nie.

9Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan,
die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit
nie is nie, maar lieg – kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle
kniel en erken dat Ek julle liefhet. 10Omdat julle aan die
boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle
ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld
gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te
stel. 11Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle
kroon wegvat nie.

12Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die
tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op
hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van
my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel
uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe.
13Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die
gemeentes sê.

Ander Teks Gedeeltes:

- **Kolossense 4:2-3**
- **1 Korintiërs 16:9**
- **Handelinge 19:23**
- **Genesis 50:20**
- **Matteus 5:3**
- **Jesaja 49:22-23**
- **Romeine 5:3-5**
- **Hebreërs 11:1**
- **Johannes 16:33**
- **Romeine 8:35-37**
- **Efesiërs 1:13-14**
- **2 Korintiërs 12:9-10**
- **Efesiërs 6:10-13**

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*